FASILITEITSBEDIENING

POS: ALGEMENE SKOONMAKER

is beskikbaar by NG Gemeente Helderberg vanaf 1 November 2024. (40 uur per week pos)

VEREISTES

Matriek met relevante ervaring.

Tweetalig (Afrikaans/Engels).

Eie vervoer na en van die perseel.

Fisies fiks en geestelik gesond wees, bevoeg en bekwaam om alle pligte uit te voer.

AANBEVELING

Vorige ervaring van 3 jaar en meer in skoonmaak in en om kantore, geboue en of huise.

PLIGTE/ VERWAGTINGE VAN SKOONMAKER VAN GEBOUE EN TERREIN

- Skoonmaak van al die fasiliteite soos die Kerk, Kapel, kantore, skole, toilette, kombuise.
- Skoonmaak van die kombuis, was van skottelgoed en regpak van kaste.
- Voorbereiding van die Kerkruim, Kapel, lokale vir eredienste, vergaderings, troues, roudienste en funksies.
- Skoonmaak van alle vensters, deure en CCTV kameras.
- Skoonmaak van vloere, mure, deure en plafonne.
- Skoonmaak om die geboue, parkeerareas en tuine (bv papiere, blare optel en vee).
- Hantering en skoonmaak van alle vullisdromme en snippermandjies op die perseel. Plaas van vullisdromme vir verwydering ingesluit.
- Hulp aan lidmate, vrywilligers en kollegas met op- en aflaai van goedere.
- Moet bereid wees om met funksies te help op naweke.
- Bereid wees om kursusse en opleiding te ondergaan.
- Nakoming van alle redelike versoeke, opdragte en voorskrifte van NG Helderberg Gemeente se Fasiliteitsbediening.
- Rapportering van beserings, skades, verlies, misdaad, risiko's en ongeruimdhede.
- Moet bereid wees om oortyd ure dienste te verrig (ure word geboekstaaf vir tyd af) op 'n later geleentheid.

SLUITINGDATUM: MAANDAG 14 OKTOBER 2024 OM 10:00

NG Helderberg Gemeente behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie.

NG Helderberg Gemeente sal verwysings kontak om inligting te verifieer.

Alle aanstellings is onderhewig aan ‘n mediese ondersoek en ‘n verslag van ‘n Mediese Praktisyn aangewys deur NG Helderberg Gemeente, wat die kostes sal dra daarvoor.

Polisieklaring, inaggenome dat die aansoeker kennis neem dat ‘n klaring aangevra word.

Die Gemeente respekteer die voorwaardes van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting. Inligting deur die aansoeker verskaf, bevestig dat die inligting waar, korrek en op datum is.

Die applikant kan vir Marisa Viljoen van die kerkkantoor versoek om ‘n afskrif van die posbeskrywing te stuur.

Laat aansoeke sal nie oorweeg word nie.

Die aansoeker sal onderwerp wees aan ‘n onderhoud deur ‘n aanstellings paneel.

Aansoeke kan per hand ingehandig word vir Marisa Viljoen se aandag, of via epos gestuur word na: marisa@nghelder.co.za

DIE AANSOEK

Ons benodig die volgende saam met die volledige CV:

- Afskif van Identiteitsdokument;
- Geldige Visa om in die land te wees- indien van toepassing;
- Gewaarmerkte matriek sertifikaat;